Sending: Asië 2000

'n Sending met die visie van Christus (Matt 28:19)

Posbus 31192, Waverley, 0135
Tel: (012) 332 3665
Yvonne Selfoon: 076 509 9782
E-pos: asia2000@global.co.za

N P O no. 153-872
Belastingvrye nr. PBO 930052139

Nuusbrief - September / Oktober 2018

"Want die liefde van Christus dring ons....." 2 Kor 5:14

Dierbare Sendingvriende

Die heerlikheid en waarheid van Hom wat Waarheid is; die skoonheid van Sy gerechtigheid; die heiligheid van Sy liefde; die sieraad van Sy krag as Hy die Rooi See klief, is alles in Sy groot opdrag: "Gaan dan heen...." Die geringheid van die brose skepsel; Die afhanklikheid in sy elke skrede, is die mens wat sê: "Ja, ek sal gaan.... want U God is groot." Die helderste lig wat skyn in 'n donker nag is Hy, Hy is lig wat lewe is (Joh 1:4) Laat ons die lig dra – die Blye Boodskap van ewige lig en ewige lewe – in Sy genade.
Bid asseblief vir ons.
(Boodskap van wyle Pieter Conradie)

Hoe nader die einde kom, hoe meer voel ons ons afhanklikheid van Hom. Dit lei tot 'n inniger verhouding waar ons oë steeds op Hom bly. Wat 'n wonderlike genade om Hom te ken al gaan ons ook deur doodskaduwees.

Sharon, heel links in haar gesonde dae

TWEE DIERBARE FILIPPYNSE SUSTERTJIES VERTREK NA ONS EWIGE VADER IN DIE HEMEL

1. Sharon

Die eerste dag wat Yvonne Dra Sharon ontmoet het was toe sy vir 'n kort besoek gekom het na Suid-Afrika om by die Christelike Hospitaalbond haar gewig in te sit en hulle by te staan met die groot werk wat hulle doen.
Dit was die begin van 'n lieflike vriendskap wat ontwikkel het tussen haar en die Conradie-gesin. Omdat om die beurt dr Pieter en soms Yvonne die Filippyne moes besoek vir die werk wat hulle daar begin het, het die vriendskap met Sharon gegroei en gebloei. Natuurlik was sy ook hulle mediese dokter as hulle in die Filippyne was.
Op 'n sekere stadium het die Conradies gevra of sy deel wou wees van die "Sending: Asië 2000" span. Sy was maar te bereid om daarby in te skakel, en het aan al die vereistes voldoen van 'n lid van die span, naamlik om dissipels te maak deur dissipelskap-bybel-studies aan ander te gee.
Gou-gou is daar gevind wat 'n uitstekende medikus sy was, en om alles te kroon was sy 'n besondere kind van die Here. In meeste gevalle het sy nie net die rol van dokter gespeel vir haar pasiënte nie, maar ook baiekeer vir hulle gebid vir genesing en ander situasies. Jesus was nommer een in haar lewe en het sy toegelaat dat Hy haar lewe volkome beheer. Hy was in die sentrum van haar lewe.
'n Paar jaar gelede het sy verder gestudeer vir Spesialis , en sy het met lof geslaag. Baie-keer het sy probleme ondervind met rugpyn veral as sy lang reise moes onderneem. Maar, genadiglik het sy dan weer reg gekom en kon die lewe op sy ou trant voortgaan. Tot, die begin van 2018 toe daar na 'n goeie mediese ondersoek gevind is dat sy 'n groot gewas in haar uterus het. In Februarie 2018 is die operasie gedoen en toe het die moordende chemoterapie- en bestralings behandelings begin. Na so 'n behandeling kon sy weer vir 'n rukkie huistoe gaan tot die volgende behandeling. En al die tyd het sy in geweldige pyn en ongemak verkeer. Op die stadium het sy al gely aan graad vier kanker. So het die dinge toe verloop.... en op 'n dag, eintlik sommer gou-gou het ons by die Sending in Suid-Afrika 'n e-pos ontvang en op 10 Julie 2018 verneem dat sy "huistoe" is. Sommer, so skielik is sy weg..... Dit was 'n groot skok vir almal by die Sending en ook natuurlik vir haar familie en vriende, en daar was baie. Sy het werklik vriende oor die hele wêreld gehad. Maar tog is daar groot dankbaarheid dat sy nie verder moes ly nie. Sy het tot die einde geglo dat Jesus haar sal genees; en Hy het, maar nie hier nie, daar in die Hemel. Dankie Jesus.

2.Mary-Ann

Ely, wat 'n oop huis en 'n oop hart het vir mense wat verniel word, sleg behandel word en verstoot word, het op 'n dag, nadat 'n sekere Priscilla vertel het van haar sussie, Mary-Ann wat so swaar kry, besluit om Mary-Ann en haar drie kinders in te neem. Mary-Ann het ook op die stadium gely aan graad 4 kanker. Eintlik het Ely nie gedink dat Mary-Ann langer as twee weke of so sou leef nie. Maar, sy het begin om Mary-Ann, eerstens na die Here te lei en toe begin om dissipelskap bybelstudies met haar te doen. Wonderbaarlik het Mary-Ann nie so gou gesterf nie. Sy het lank genoeg gelewe om selfs terug te gaan na haar skoonmoeder en haar man om die evangelie met hul te deel. Sy het 'n passie vir die Woord van God ontwikkel, en kon maar nie genoeg daarvan kry nie. Toe Yvonne en Gidea in Februarie van die jaar by Ely besoek afgelê het vir 'n bybelstudie, het Mary-Ann die

Mary-Ann, in die piek het 'n bybelstudie aangebied terwyl Yvonne en Gidea by was

bybelstudie gelei. Hulle was baie beindruk met die manier wat sy dit aangebied het, en dit was wonderlik om te hoor dat so 'n siek meisiekind dit so pragtig kon aanbied. Maar, min het almal daar geweet dat haar einde in sig was. Sy is ook onlangs oorlede, maar genadiglik is die kinders terug by hul pappie.

Ely se oop huis genoem 'Turning Point'

Hiermee wil ons tog graag inligting gee oor die verbasende dinge wat Eleanor Sebiano doen. Behalwe dat sy aan die hoof staan van die Administratiewe gedeelte van die groot kweekskool, genoem: Asian Pacific Theological Semanary, doen sy nog baie ander dinge, naamlik: Na ure doen sy bybelstudie met 9 groepe deur die week. Sommige is mense wat by haar in die Turning Point huis woon, en hulle begin vroeg soggens, so teen 5hoo of selfs vroeër. Behalwe dit, neem sy mense in (soos Mary-Ann wat ons hier bo van vertel het) en daar moet vir hulle almal gesorg word. Op die foto sal u sien dat daar maklik 'n vyftien stuks daar verskyn, maar soms is daar selfs meer. Almal moet eet en slaapplek hê en niemand daar sal kan sê dat hul ooit honger lei nie. Sommige van hulle werk, maar meeste is nog op skool of kollege. Sy help ook daarmee as sy enigsins kan om hulle finansieel te ondersteun. Maar in meeste gevalle, as hulle verder wil studeer moet hulle tydelike werk vind. Maar een ding maak sy seker van, almal word gekonfronteer met die Woord van God, en sy sorg dat hulle werklik 'n verhouding begin met die Here Jesus. In meeste gevalle word daar ook begin met die reeks bybelstudies wat nog deur wyle Pieter Conradie saamgestel is. En so sorg sy vir hulle almal na die beste van haar vermoë en met die krag wat die Here aan haar gee.

Die mense wat op die stadium in Ely se huis woonagtig is

'n Paar brokkies uit die nuutste verslae van die Filippynse werkers:

Pastoor Joel skryf as volg: " The Bible studies my wife and her companions started to the family of Lourdes Gines had to be stopped temporarily because she was moved out of her house due to the flood.

Oostromings in die Filippyne

Together with my wife and some of our members we conducted three successive nights for the funeral service because bro Romeo Marquez passed away. That gave us also the priviledge to share the good news with the family and also at the burial service.
In San Isidro we could not have bible studies because the waters are still in the houses of the people in the community. Eighty percent of the people are in an evacutation center because the waters have not yet subsided."

So sien u dat hulle dit nie altyd maklik het met die oorstromings nie. En die eenvoudige ou plekkies is baie keer so verniel, en die meubels daarna so onbruikbaar, dat dit 'n ware tragedie is.

Julie skryf ook iets oor die tyd van tifone en oorstromings: "I praise the Lord for His abundant goodness and mercy for these past weeks that we had been visited by typhoons. He kept us (our family) safe of what the stormy weather could have done. Maybe you had seen on the news how the Philippines are flooded and how mudslides had been burying houses and even people, together with other disasters causing people to panic. But for most people, if they are in these difficult times of danger, they draw nearer to the Almighty God for protection". So gebruik die Here selfs sulke moeilike tye ten goede.

Terwyl daar nog besig was om die nuusbrief op te stel, het Ely, ons ko-ordineerder berig dat die klasse afgeskaf was by die Seminarium vanweë die verwoestende reënstorms. Iets wat waarlik nog nie in die afgelope jare wat Yvonne bekend is met die plek, gebeur het nie.

Ons wil graag vir u van harte bedank vir die wonderlike vriende wat u vir ons is. Baie dankie dat u ons op 'n besondere manier ondersteun, veral om vir die werk te bid. Dankie ook vir die persone wat ons ondersteun deur die fondse wat ons van u ontvang. U loon sal nie uitbly nie. Ons is waarlik geweldig dankbaar vir elke vriend of vriendin van die Sending wat ons so ondersteun en nie van ons vergeet nie. Yvonne wat op die 21ste Augustus 84 was, wil net ook baie dankie sê vir al die wonderlike seënbede wat aan haar oorgedra is op baie verskillende maniere, weereens, baie dankie. Bid asseblief vir al die sake wat hier genoem is.

Mag u waarlik bewus wees van Jesus Christus wat dag vir dag u wil bystaan en seën.

Baie liefde en opregte seëngroete

Yvonne en die twee spanne

Standard Bank	Montana	Rek nr 020175876	IBT Kode: 015945
ABSA Bank	Kempton Park	Rek nr 9064970731	IBT Kode: 50444244